higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 2

(9020072)

27 Februarie 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Menslike liggaamselle het verskillende vorms en groottes.

1.1.2 Die plasmamembraan is NIE deel van die algemene sel nie.

1.1.3 Die dermis is die eerste laag van die vel.

1.1.4 Die brein is geleë in die skedelholte.

1.1.5 Sensoriese senuwees stuur impulse na die brein.

(5 × 1) (5)

1.2 Definieer die term *Rugliggend ('Supine position')*. (2)

1.3 Waar in die liggaam kom die senuweeweefsel voor? (3)

1.4 Noem SES tipe 'eukaryotic' selle. (6)


1.5 Noem VIER dele van 'n algemene sel. (4)

1.6 Noem die verskillende fases in die lewensiklus van 'n menslike sel in die korrekte volgorde en noem EEN feit oor elke fase. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die figuur hier onder en beantwoord die vrae.



[Aangepas vanaf: *www.shutterstock.com* op 25 Mei 2017]

2.1.1 Noem die DRIE aksessoriese verteerorgane wat in die figuur hierbo aangetoon word. Skryf slegs die antwoord langs die letter (a–c) in die ANTWOORDBOEK neer. (3)

2.1.2 Noem AGT verteerorgane in die korrekte volgorde van opneming tot uitskeiding. (8)

2.1.3 Hoe help die lewer met die vertering van voedsel? (4)

2.1.4 Waar vind die meeste vertering plaas? (1)

2.1.5 Wat word die gastro-intestinale stelsel ook genoem? (1)

2.1.6 Onderskei tussen meganiese en chemiese vertering. (6)

2.1.7 Watter rol speel die tong tydens vertering? (2)

2.2 Waarom is dit belangrik om kos in kleiner stukkies te kou? (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n medies term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
3.1.1	Produseer sweet om die liggaam af te koel	A	Pacini se liggaampies
3.1.2	Sensitief vir aanraking en pyn	B	sweetkliere
3.1.3	Reageer op vibrasies en diep druk	C	pinna
3.1.4	Hoofsaaklik te vinde in die slymmembraan	D	vrye senu-eindpunte
3.1.5	Sensitief vir hitte	E	Krause se 'end bulbs'
		F	koglea
		G	Ruffini se liggaampies

(5 × 1) (5)

3.2 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Mev May is 75 jaar oud. Sy woon alleen saam met haar twee katte, Smokey en Lilly. Iemand het by mev May se woonstel ingebreek terwyl sy daar was, maar sy het nie gehoor toe die persoon die woonstel binnekom nie.

Sy het sedertdien 'n oorondersoek ondergaan, omdat sy besef het dat haar gehoorvermoë nie meer is wat dit was nie.

3.2.1 Watter deel van die oor skakel klankgolwe om in senu-impulse? (1)

3.2.2 Watter deel van die oor tel klankgolwe op? (1)

3.2.3 Stel maniere voor waarop mev May haar veiligheidsituasie kan verbeter. (5)

3.2.4 Noem die DRIE beentjies agter in die middeloor. (3)

3.3 Kopieer en voltooi die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK.

SINTUIG	SINTUIGLIKE ORGAAN	KRANIALE SENUWEES
Sig		
Reuk		
Smaak		
Aanraking		
Gehoor		

(10)

3.4 Bespreek die uitdagings as mens nie kan hoor nie. (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Verskillende opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die tweede laag van die vel is die ...

A dermis.
B: hipodermis.
C hiperdermis.
D epidermis.

4.1.2 Die voorbrein staan ook bekend as die ...

A pons.
B: medulla.
C serebrum.
D serebellum.

4.1.3 Die anatomiese term vir vingers is die ...-area.

A inguinale
B: digitale
C femorale
D tarsale

4.1.4 Die ...-senuwees veroorsaak die sametrekking van die gladde spiere.

A parasimpatiese
B: sensoriese
C simpatiese
D motor

4.1.5 Die normale menslike liggaamstemperatuur is ...

A 37°C
B: 35°C
C 25°C
D 45°C

(5 × 1) (5)

4.2 Noem TWEE funksies van die limfknope. (2)

4.3 Noem die DRIE lae van die hart en noem hulle posisies. (3 × 2) (6)

4.4 Noem TWEE kenmerke van die hart. (2)

4.5 4.5.1 Mnr Brown het geval en toon geen reaksie nie.

Wat is die eerste dinge wat jy as gesondheidswerker sal doen wanneer jy hom nader? (2)

4.5.2 Noem TWEE plekke op die menslike liggaam waar mens kan toets vir 'n pols. (2)

4.5.3 Verduidelik waarom jy nie jou duim kan gebruik om 'n pols te voel nie. (2)

4.5.4 Wat veroorsaak 'n beroerte? (2)

4.5.5 Noem die VYF handbewegings wat 'n pasiënt sal help wat 'n beroerte gehad het om sy/haar handbewegings te verbeter. (5)

4.5.6 Wat is die rol van die gesondheidswerker tydens die rehabilitasieproses? (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord tussen hakies in die volgende sinne. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Die ('affect/effect') is 'n aanduiding van 'n reaksie op 'n stimulus.

5.1.2 Die reaksie of respons op 'n stimulus staan bekend as (gedrag/gehegtheid ('attachment')).

5.1.3 Die wyse waarop inligting geprosesseer en probleme opgelos word, staan bekend as (droefheid/kognisie) ('mourning/cognition').

5.1.4 Soos kinders groei, (ontwikkel/krimp) hulle kennis.

5.1.5 Mense ontvang inligting uit die omgewing van hulle (vier/vyf) sintuie af.

(5 × 1) (5)

5.2 Noem die VYF basiese doelwitte van sielkunde. (5)

5.3 Definieer die volgende terme:

5.3.1 Selfbewustheid

5.3.2 Selfagting

5.3.3 Sielkunde

5.3.4 Selfbegrip

(4 × 2) (8)

5.4 Noem en beskryf kortliks Freud se DRIE persoonlikheidskomponente. (3 × 2) (6)

5.5 Noem TWEE van Freud se psigoseksuele stadiums. (2)

5.6 Hoe en waarom probeer sielkundiges gedrag voorspel? (4)

[30]

TOTAAL: 150

NCCV

Kopiereg voorbehou